



# Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 11  
November 2004

## DIÉ BOEK OOK VIR KINDERS

Die reuk van Bybelvertalings in Afrikaans sit behoorlik in die lug. Sedert die (nuwe) vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1983, het daar heelwat vertalings in ons taal verskyn. Dit was nie alles die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie. Nou is daar wel weer 'n vertaling van die Bybelgenootskap op pad. 'n Vertaling wil gelees en voorgelees word. Dit laat mens dink aan die toeganklikheid van die Bybel vir ons kinders in ons huise.

Wie van ons het nie kosbare herinneringe aan die lees uit en voorlees van die Bybel in ons kinderdae nie? In baie van ons is die illustrasies uit die Kinderbybel nog in ons geheue geëts. Ons kan nog presies onthou hoe Daniël bewegingloos voor die uitgehongerde leeu's staan. Dit is asof mens nog die water hoor dreun van die illustrasie waar die Here die volk droogvoets deur die see lei en verlos. Vir seuns is die gunsteling illustrasie dikwels dié van die jong seun Dawid wat die magtige reus van die Filistyne met 'n slingervel oorwin.

Wat is 'n goeie Kinderbybel eintlik? Ons het nogal die gewoonte om allerlei boeke met vertellings van die Ou- en Nuwe Testament se geskiedenis in, só te noem. Is dit nie ten onregte nie? As alles goed is, wil dit wat ons dikwels Kinderbybels noem, niks anders bied as 'n uitleg van 'n aantal gedeeltes uit die Bybel nie. Kinderbybels moet uitleg van die Bybel wees. Uitleg van veral die verhalende gedeeltes van die Bybel. Daarmee het ons geen probleem nie. Solank die uitleg maar duidelik en (belangrik!) getrou is. Ons het dit trouens selfs dringend nodig. Kinders moet dringend van so jonk as moontlik betrek word by die boodskap van die Bybel.

Ons moet wel versigtig met die term Kinderbybel werk. Wanneer ons van die Bybel praat, bedoel ons gewoonlik daarmee God se onfeilbare Woord. Dit kan ons nie sonder meer van 'n Kinderbybel sê nie. Hoe dikwels moes ek nie al vertellende uit die Kinderbybel, die vertelling van die Kinderbybel korrigeer nie! Soms is ons opletterend genoeg daarvoor. Ander kere vestig ons moontlike verkeerde verstaan van die Bybel deur die Kinderbybel onkrities te volg. Soms is daar nogal 'n stukkie fantasie byvertel. Dit kan gebeur in 'n poging om die boodskap van die Bybel nader aan die kinders te bring. Die gevaar is dat nogal romantiese beelde van byvoorbeeld Christus se geboorte by kinders gevestig word. Hierdie beelde word moeilik verander of selfs gekorrigeer.

Hoe sal ons dan Kinderbybels gebruik? In elk geval krities! Dit is egter veral belangrik dat ons kinders saam met die Kinderbybels ook bekend word met die Bybel self. Nie elke leesgeleentheid sal uit die Kinderbybel gedoen moet word nie. Ook ons jongste kinders sal moet leer om met eerbied en (geloofs)verwagting te luister na die Woord van God. Daarvoor is vaders en moeders, onderwysers en ampsdraers nodig wat met geloofsverwagting die Bybel voorlees!

## In Hierdie Uitgawe



### Tema: Die Boek

- **Boekdrukkuns, reformatie en Bybelvertaling** ..... 2
- **Biblia en biblioteke** ..... 5
- **Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling** ..... 7  
*“Die volgende vertaling sal dus, soos gesê, 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks (die Hebreeuse of Griekse teks) wees ...”*
- **Christelike boekuitgewers en boekewinkels** ..... 9
- **Neem en lees** ..... 11
- **Sensuur** ..... 13
- **Sending in die 'nuwe Suid-Afrika** ..... 15

# BOEKDRUKKUNS, REFORMASIE EN BYBELVERTALING

K. Bijzet

## TEMA: DIE BOEK

### DIE BYBEL AAN DIE KETTING

Daar word nog dikwels gedink dat in die tyd voor en tydens die Groot Reformasie van die 16de eeu dit vir "leke" geheel en al verbied was om 'n Bybel te besit en daarin te lees. Hierdie opvatting is streng gesproke nie juis nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het nooit so 'n verbod uitgevaardig nie. Maar dan praat ons net oor 'n amptelike uitspraak. Daar is wel gesê: die Bybel het toe aan die ketting gelê.

Ja, soms was dit in letterlike sin die geval. Boeke (ook die Bybel)

Eienaar en uitgewer:  
Stigting Woord en Wandel  
G de Jager (voorsitter)  
BJ Kamphuis  
A Bron (sekretaris)  
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo  
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen  
(eindredakteur)  
Mev. M de Vries  
ds C Kleijn  
J Moes  
A Roos  
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg  
Bloukeurstr 17  
Blommendal  
Bellville 7530  
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide  
Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk  
Posbus 23931  
Gezina 0031  
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:  
Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820  
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):  
E-pos: RSA R40  
Buiteland • 10  
RSA: R80 (per hand)  
R90 (per pos)  
Buiteland: Seepos • 30  
Lugpos • 40

moes voor omstreeks 1450 met die hand oorgeskrif word en is dan ook nog dikwels pragtig versier. Dit was daardeur 'n baie kosbare besit wat, om diefstal te voorkom, in sommige kerke met 'n ketting vasgemaak is. Maar ook in oordragtelike sin word die uitdrukking gebruik. Die kerkvolk was nie aangespoor om die Bybel te lees nie. Dit is eerder geleidelik teengewerk.

In 1405 het 'n, vir daardie tyd, goeie vertaling van die Bybel in Latyn verskyn wat ongeveer 'n eeu later die naam *vulgata*, wat 'algemeen gangbare' beteken, gekry het. Dit lyk dus baie goed. Maar omdat tekste altyd vir verdere verspreiding afgeskrif moes word, het uiteraard later verskille ontstaan. Daarby kom nog dat verskillende individuele teoloë op eie houtjie 'verbeterings' wou aanbring. Daardeur is die bestaande vertaling partykeer gekorrupteer.

En hoe moes die Bybel opgevat en verklaar word? Al gou was daar verskil van mening of die Bybel letterlik of allegories (sinnebeeldig) verklaar moes word. Die laaste opvatting het veral groot aanhang verwerf, mee deur invloed van filosowe wat na die eintlike betekenis agter die woorde wat gebruik is, gesoek het. Dit het die mening bevorder dat die Bybel net deur 'n 'bevoegde instansie' uitgelê mog word – die 'geestelikheid'. Alles hindernisse om self die Bybel te gaan lees.

Daar was trouens min mense wat kon lees en boonop was die handgeskrewe boeke baie duur. Maar met die uitbreiding van die handel en die opkoms van die stede het ook 'n vrye burgerskap ontstaan in onderskeid van die adel en die geestelikheid.

Vir dié mense was dit belangrik om geletterd te raak. Dit het lesing




(ook) van die Bybel op 'n manier algemener gemaak. Hierin het ook die kerklike hiërargie nog niks verkeerd gesien nie.

Maar toe reeds in die tweede helfte van die 12de eeu verset opgekom het teen die 'gangbare menings' in kerklike kringe, het 'n ander prentjie ontstaan. Mense wat met meningsverskille vorentoe gekom het, het hulle altyd weer op die Bybel beroep, veral toe daar van tyd tot tyd in alle geval vertalings van dele van die Bybel in die volkstaal verskyn het. En spesifiek hierdie verset het bewerk dat daar gewaarsku is teen selfstandige lesing van die Bybel deur 'leke'. Die kerklike instansies sou self op eie manier voorligting verskaf.

### UITVINDING VAN DIE BOEKDRUKKUNS

Daar was dus, ondanks teenkating, wel belangstelling vir boeke en spesifiek vir die Bybel. Maar hulle was, soos gesê, moeilik bereikbaar, in elk geval tot in die eerste helfte van die 15de eeu. So 'n dik boek wat met die hand oorgeskrif moes word of wat (soos die tegniek gevorder het) in hout uitgesny moes



word (blokboek), was baie duur. Dit het verander toe begin is om los letters te maak, hulle in goeie volgorde te rangskik en so af te druk. Hierdie letters kon vir elke boek of pamflet opnuut gebruik word en was dus baie goedkoper.

Omstreeks 1440 het Gutenberg in Mainz (Duitsland) begin om met loodletters in sy drukkery te werk. Die eerste groot werk wat by hom verskyn het, was 'n Bybel. Nog steeds in Latyn en ook met die voorkoms van 'n blokboek, dus fraai versier. Dit was die begin van 'n totaal nuwe ontwikkeling. Om manuskripte met die hand te vermenigvuldig, het toe oorbodig geword. En die nuwe tegniek wat goedkoper was, het die sug na kennis wat veral in die stede en by die handel merkbaar was, verder gestimuleer.

In Delft is in 1477 die eerste Nederlandse Bybel gedruk. Dit was 'n uitgawe van die Ou Testament sonder die Psalms – 'n vertaling vanuit die *Vulgata*. En in 1478 het die eerste volledige Bybel in Nederlands in Keulen verskyn. Daar deur het die Bybel meerdere bekendheid verkry wat selfstandige denke bevorder het. Reeds was daar dikwels verset teen die dominerende plek van die geestelike. Hierdie verset het ook deur die soms losbandige lewenswyse van priesters en monnike sterker geword.

Daardie tyd was tog reeds 'n oorgangstyd, die begin van 'n nuwe periode in die wêreldgeskiedenis. Verskillende dinge het gelyktydig plaasgevind. Nuwe uitvindings is gemaak. Buskruit het 'n einde gebring aan die groot mag van die adelstand. Ontdekkingsreisigers het nuwe wêrelddele betree en die horison van die mense baie ruimer gemaak. Want hulle is gevolg deur handelaars wat in verre streke besigheid geruik het. Dit het weer die vraag na byvoorbeeld meerdere aardrykskundige kennis aangeblaas.

Trouens - in die wetenskap was

ook 'n oplewing in en 'n terugkeer na die geleerdheid van die klassieke oudheid. Vanuit Italië het hierdie *renaissance* (herlewing) van die klassieke oudheid oor die hele Europa versprei. Daarmee saam gaan 'n beweging wat as *humanisme* bekend staan. Die mens met sy behoeftes en grootheid en begeertes staan dan in die middelpunt. Vanuit hierdie beweging was uiteraard groot belangstelling vir tale soos Grieks en Latyn en ook Hebreeus. 'n Vooraanstaande persoon in genoemde beweging was die Nederlander Desiderius Erasmus. Van sy werk word tot in ons tyd gelees en gewaardeer. Vir ons is van belang dat hy die Nuwe Testament opnuut uitgegee het – in Grieks en in Latyn. Sy uitgawe van die Nuwe Testament sou eeue lank hoë aansien geniet en vir Bybelvertalings gebruik word.

#### **KERKHERVORMING: LUTHER**

Die hele ontwikkeling van sake, soos hierbo kortliks opgesom, het die geeste vir verandering ryp gemaak. As Martin Luther dan ook in 1517 sy bekende *95 stelling* aan die deur van die slotkapel te Wittenberg vasspyker, bring dit al gou onrus in wye omtrek. Die stelling was net bedoel om diskussie oor sekere sake op gang te bring en was in Latyn opgestel. Maar mense het hulle oorgeskryf, vertaal en verder versprei. Daarby kon die boekdrukkuns reeds goeie dienste bewys.



Die *95 stelling* het geblyk die lont in die kruitvat te wees. Uiteraard is stelling ingeneem deur die kerklike instansies of persone wat hiermee gemoed was of wat gevoel het hulle is aangeval. Die aandag van die Pous is op Luther en sy menings gevestig. Omdat Luther sy *stelling* nie wou terugtrek nie, het die Pous die banvloek oor hom uitgespreek. Verbranding van daardie ban deur Luther en sy volgelinge het tot gevolg gehad dat hulle buite die destydse katolieke kerk te staan gekom het. Die *Reformasie* of *Hervorming* was daarmee 'n feit. Veral in Duitsland en in die Skandinawiese lande het *Lutherse Kerke* ontstaan.

Nie net die Pous nie, maar ook die keiser van Duitsland het hom met die gang van sake bemoei. Ook teenoor die wêreldlike owerheid het Luther egter gebly by sy skriftuurlike insigte. Moontlik was sy lewe toe in gevaar. Daarom het vriende van Luther hom kamma ontvoer en na die kasteel *Die Wartburg* gebring, waar hy voorlopig altans veilig sou wees. En daar in sy "ballingskap" (sy "Patmos") het hy kans gekry om te werk aan die vertaling van die Bybel in die volkstaal. Nog meer as voor 1500 was nou 'n nuwe vertaling nodig. Want reformasie is terugkeer. Terugkeer tot die Woord van God. Dit moes vir almal beskikbaar wees.

Vir hierdie vertaling is nie die *vulgata* as bronteks gebruik nie. Vertaling is regstreeks uit Grieks en Hebreeus gedoen. Die uitgawe van die Nuwe Testament in Grieks deur Erasmus het nou natuurlik baie goed te pas gekom. Dit was sy grondteks vir die Nuwe Testament. Luther het baie hard gewerk. In September 1522 het die Nuwe Testament in Duits verskyn en in 1534 (met hulp van medewerkers) die hele Bybel. Hy was toe reeds lankal weer by die huis.

Vertaling in Duits. Maar watter Duits? Die Duitse taal soos wat ons dit ken, het toe nog nie bestaan

nie. Daar was 'n veelheid van dialekte. Dit was dus baie moeilik om so-anig te skrywe dat almal dit sou kon verstaan. Daar is wel gesê: Luther het die Duitse taal gemaak. Vir groot groepe mense, moontlik die meerderheid, was die Bybel die enigste lektuur. Die woorde en uitdrukkings en sinsbou van die Bybelvertaling het 'n geweldige invloed op die spreekwyse van die mense gehad.


Dit was die eerste protestantse Bybelvertaling. Groot invloed het hiervan uitgegaan. Dit is merkwaardig dat daar in later jare in Duitsland altyd huiwering was om 'n nuwe vertaling uit te gee. Vir eeue is Luther se vertaling gebruik. Wel is van tyd tot tyd verbeterings aangebring, maar basies het die vertaling standgehou.

### **ANDER BOEKE EN GESKRIFTE**

In die tyd van die Hervorming het baie drukkers hulle met die uitgawe van Bybels besig gehou. Hieruit blyk dat daar 'n behoefte aan Bybels was. Hieruit blyk ook die invloed wat die uitvinding van die boekdrukkuns op die gang van sake gehad het.

Maar behalwe die Bybelvertaling het Luther nog baie ander geskrifte uitgegee wat groot invloed op die voortgang van die reformatie gehad het. Van die belangrikste was: *Oor die babiloniese ballingskap van die Kerk* (waarin hy die sewe sakramente van die Rooms Katolieke Kerk bestry het); *Oor die vryheid van 'n Christenmens* en *Oor die knegtlike wil* (teen Erasmus wat die vryheid van die menslike wil verkondig het). Ook moet sy *Groot en Klein Kategismus* genoem word. Al hierdie werke is gedruk en versprei. So het Luther al sy gewaes en kragte gegee.

Ook ander hervormers het hul beste gegee. Ons dink daarby spesifiek aan Calvin en sy standaardwerk die *Institusie*. Dit is moeilik om die invloed van hierdie enkele boek te bepaal. Nog steeds word hierdie



werk as maatstaf aanvaar en alom gebruik. Dit geld ook van die *kommentare* van Calvin op amper al die Bybelboeke. Hoe is hierdeur die verstaan van die Skrifte en ook die prediking daardeur beïnvloed. Ander verklarings het weer hiervan uitgegaan, soos die 'kanttekeninge' by die *Statevertaling*.

Luther en Calvin was die "grootmeesters" van die reformasietyd. Ander teoloë uit daardie tyd het eweneens boeke geskryf en baie invloed uitgeoefen. So wou die HERE verder gaan met sy kerk deur die diens van mense en Hy wou ook nuwe metodes gebruik vir die verbreiding van die evangelie.

### **NEDERLAND**

In 1526 reeds het die eerste Hervormingsbybel in Nederlands verskyn en wel by Jacob van Liesveldt te Antwerpen. Meer drukkers het hulle aan die uitgawe van 'n Bybel gewaag. Bekend het geword die *Deux-Aes-Bybel* wat in 1562 te Embden verskyn het. Dit is die eerste gereformeerde Bybelvertaling wat ook kanttekeninge bevat het. Die naam was ontleen aan 'n kanttekening by Nehemia 3:5b. Hierdie Bybel was by die meeste gereformeerdes in gebruik. Die vertaling het baie nou by Luther se vertaling aangesluit.

In kerklike kringe was daar egter ontevredenheid met die *Deux-Aes-Bybel*. Dit was volgens hul mening

te vry vertaal. Daarom het Marnix van Sint Aldegonde in 1594 die opdrag ontvang om die Ou Testament opnuut vanuit Hebreeus in Nederlands te vertaal. Marnix het nie baie ver gekom nie. Net die boek Genesis kon hy voltooi voordat hy in 1598 gesterf het.

Tog was sy werk nie tevergeefs nie. Dit was die direkte aanloop tot die *Statevertaling* waartoe die bekende Dordtse Sinode in 1619 die opdrag gegee het en wat in 1637 voltooi was. Wat die *King James* vir die Engelssprekende wêreld was, was die *Statevertaling* vir die Nederlandssprekendes. 'n Vir daardie tyd pragtige konkordante vertaling met kanttekeninge wat van onskatbare waarde was. Veral hierdeur kon gebou word aan die kerk in die Nederlande.

Hierdie Bybel het met die skepe saamgegaan na oorsese gewestes. Dit is eintlik 'n *clichè* maar dit kan nog maar weer gesê word – hierdie Bybel het ook saamgegaan na ons land en geslagte lank die mense geestelik gevoed. Ons dink met eerbied aan die ryk seën wat hierin geleë was.

### **NAGEDAGTE**

Isaac da Costa het in 'n gedig die uitvinding van die boekdrukkuns getipeer as 'n stap na die hemel én na die hel. In hierdie artikel is die positiewe waarde van daardie uitvinding beklemtoon. Dit het baie gehelp op 'n tydstip toe die HERE sy kerk tot reformatie wou bring. Maar dit is ook anders gebruik. Humaniste en afvallige filosowe het dit ook gebruik om onskriftuurlike gedagtes te versprei.

Ons het weer baie nuwe middels tot ons beskikking. In hierdie verband dink ons spesifiek aan die rekenaar. Hoe gaan ons om met nuwe uitvindings? Want weer is daar die twee moontlikhede: 'n stap na die hemel óf 'n stap na die hel. α

# BIBLIA EN BIBLIOTEKE

H H Schuring

## TEMA: DIE BOEK

**Hierdie artikel bespreek die betekenis van Biblia, kanoniek en apokrief, die ontstaan van die Bybel as versameling boeke, vasstelling van die lys van kanonieke boeke en handskrifte van die Bybel en vertel iets oor die biblioteke in die antieke wêreld.**

### BIBLIA EN BYBEL

Ons woord Bybel (Duits: Bibel) is afgelei van die Griekse woord *biblion*, wat in die NT rol of boek beteken. In Openb. 10:9 is sprake van *biblaridion*, 'n klein boekie wat deur die Apostel Johannes geëet moes word. Die meervoud van *biblion* is *biblia* en die hele versameling van Ou en Nuwe Testamentiese boeke het by die Griekssprekende Christene bekend gestaan as *ta biblia* 'die boeke'. Latynsprekende Christene het die term 'biblia' oorgeneem maar dit as 'n enkelvoud hanteer, 'biblia sacra', die Heilige Skrif. Van hierdie Latynse woord 'biblia' het die woord 'bible' en soortgelyke vorme in baie ander tale ontstaan.

### KANONIEKE EN APOKRIEWE BOEKE

Die Bybel is eintlik 'n versameling van 66 boeke (39 OT en 27 NT) en hierdie boeke word beskryf as kanoniek in teenstelling met apokriewe boeke. Die woord kanoniek is afgelei van *kánon* (ons ken dit as musiekterm). In die protestantse teologie word die woord *kánon* (kanonieke boeke) feitlik net in één betekenis gebruik naamlik as die vasgestelde lys van 66 boeke waaruit die Heilige Skrif bestaan. Dit is die enigste gesaghebbende versameling geskryfte wat geld as vasstaande norm vir die leer en lewe van die kerk van Christus hier op aarde, vgl Gal. 6:16 en 2 Kor. 10:12-16 en Art. 4 van die NGB. Die apokriewe boeke of verborge boeke daarenteen, het nie die gesag van die kanonieke boeke en is aan die algemene gebruik onttrek, toegemaak en eenkant gebêre. Die woord apokrief beteken letterlik "om

weg te steek". In Luk. 10:21 kom dit voor in die betekenis van "verberg" en staan dit teenoor "openbaar". In die ou Statebybel is die apokriewe boeke agterin geplaas, boeke wat wel gelees mag word, maar wat geen gesag dra vir die leer en lewe van die kerk nie.

### ONTSTAAN VAN DIE BYBEL AS VERSAMELING VAN BOEKE

Die Bybel is nie op een slag geskryf of het in 'n kort tyd ontstaan nie. Ten aansien van die Ou Testament was dit 'n groeiproses wat oor eeue gestrek het en waarby die Here profete geïnspireer het om sy Woord te boek te stel. In vergelyking hiermee is die Nuwe Testament egter in 'n baie korter tyd, hoofsaaklik deur apostels (oog en oor getuies van Christus se werk as Messias) te boek gestel. Daar is goeie redes om te aanvaar dat die hele NT slegs in 30 jaar (38 n.C. – 68 n.C.) op skrif gestel is. Die inspirasie is deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:21), daarom is die eintlike outeur van die Bybel die Heilige Gees en daarom is die Bybel ten volle God se onfeilbare Woord. Ten spyte van die lang ontstaansgeskiedenis vorm die Bybel, die 66 boeke, één samehangende geheel, wat onderskei word in die Ou en Nuwe Verbond of Ou en Nuwe Testament. Beide verbondsboeke is gestruktureer op God se verbondsbeloftes, bevels en bedreigings, maar die nuwe kan nie verstaan word sonder die oue nie. Die oue wys heen na die nuwe en vind sy vervulling in die NT, in Christus, omdat Christus self die Woord is. Ons indeling van die Ou Testa-



ment is afkomstig van die Griekse Septuagint, die Griekse ekwivalent van die Hebreuse Bybel. Die Hebreuse Bybel ken egter 'n ander indeling, naamlik

Wet, (Thorah) Profete (vroeëre en later) en die Geskryfte, verdeel in 22 boeke. Moontlik is die aantal boeke so gerangskik om saam te val met die 22 letters van die Hebreuse alfabet.

Die Wet (Thorah) bestaan uit die vyf boeke van Moses (Pentateug), dan 13 boeke as die vroeëre en later profete (Nebihim) en daarna die 4 boeke aangedui as Geskryfte (Kethubhim). Na hierdie drievoudige indeling verwys Jesus self, Luk. 24:44. 'n Aanduiding dat die kanon van die Ou Testament reeds in die dae van Jesus voltooi was, word gevind in Luk. 11:51, daar spreek Christus van die bloed van die martelare, van die bloed van Abel af tot op die bloed van Sagaria. Abel was die eerste martelaar, maar waarom Sagaria? Wanneer ons daarop let dat die derde afdeling van die Hebreuse Bybel, die Geskryfte, eindig met Kronieke dan word dit duidelik aangesien Sagaria volgens die Joodse volgorde van die OT die laaste martelaar is. In 2 Kron. 24:21 lees ons: "Daarop smee hulle 'n sameswering teen hom (Sagaria) en stenig hom op bevel van die koning in die voorhof van die huis van die Here".

### VASSTELLING VAN LYS VAN KANONIEKE BOEKE

Die Jode wat nie Christus as Messias aanvaar het nie, het na die verwoesting van Jerusalem en die tempel in 70 n.C., hulle gaan vestig in Jamnia onder leiding van rabbi Jochanan ben Zakkai. Debatte is gevoer oor sekere OT Bybel boeke en is daar min of meer eenstemmigheid bereik watter boeke in die Sinagoge gelees mag word. Die Joodse geskiedskrywer Flavius Josephus het in sy verweerskrif teen Apio (± 100 n.C.) 'n aanduiding gegee wat die Jode beskou het as heilige geskryfte:

*"In ons midde is daar nie miljoene geskryfte wat mekaar weerspreek nie, maar slegs twee en twintig*

*wat die verslag oor die hele tyd bevat en wat ons glo. Vyf hiervan is van Moses en dit bevat die wette en die oorlewing van die mensheid se begin af tot by Moses se dood. Hierdie tydperk is ietwat minder as drie duisend jaar. Van Moses se dood af tot by Artaxerxes wat na Xerxes koning van die Perse was, het die profete wat na Moses gekom het, in dertien boeke geskrywe oor die dinge wat in hulle tyd gebeur het. Die origine vier boeke bevat liederes aan God en lewensvoorskrifte vir die mens. Van Artaxerxes af tot op ons tyd is alle dinge ook opgeteken maar dit is nie van gelyke waarde met die voorafgaande geag nie, omdat daar nie 'n duidelike opeenvolging van profete gewees het nie."*

Na Josephus het nog vele ander 'n lys saamgestel van die kanonieke boeke van die Ou Testament, ons kan slegs hulle name hier noem: Biskop Melito van Sardis ±170 n.C.; kerkvader Origenus ± 220 n.C.; Athanasius biskop van Alexandrië ± 367 n.C. en Hieronimus ± 380 n.C., laasgenoemde maak die opmerking dat in sommige Joodse kringe die aantal boeke verminder is om saam te val met die 22 letters van die Hebreeuse alfabet, deur Rut in te reken by Rigters, en Klaagliedere in te voeg by Jeremia, terwyl in ander kringe die aantal boeke vermeerder of gerangskik is tot die getal van 27, omdat daar in Hebreeus 5 letters is wat elk twee vorme ken en genoemde aantal is verkry deur Konings, Kronieke, Esra-Nehemia en Jeremia-Klaagliedere elk twee boeke te maak.

Die inligting ontdek in die Dooie See-rolle van die Qumram-gemeenskap, het aangetoon dat reeds so vroeg as 130 v.C. die Joodse Bybel as kanoniek aanvaar is met slegs 'n moontlike twyfel oor Prediker, Klaagliedere en Ester.

### **MANUSKRIPTE EN HANDSKRIFTE**

Voor die ontdekking van die Dooie See Rolle in 1947 was die oudste handskrif van die Ou Testament, die kodeks van die Profete van Leningrad 916 n.C. 'n Amper volledige handskrif van die Ou Testament is die Aleppo Kodeks van die 10de

eeu. Die fragmente en rolle wat gevind is by Qumram het een ding onomwonde bevestig naamlik die betroubaarheid van die oorgelewerde Hebreeuse Masoretiese Teks. Want toe die gevonde rol oor Jesaja vergelyk word met die veel ouer weergawe daarvan uit die 10de eeu, blyk daar minimale verskille te wees met die bestaande oorgelewerde teks. Die rol oor Jesaja by Qumram is meer dan 1000 jaar ouer as die Aleppo Kodeks. Dit wil sê dat van die 2de eeu voor Christus tot die 10de eeu na Christus is die teks met 'n pynlike noukeurigheid en sorgsaamheid oorgelewer en is daar geen rede meer om die betreklike jong Hebreeuse handskrifte te wantrou insake hul betroubaarheid nie.

Die handskrifte van die Nuwe Testament wat behoue gebly het, vertoon in vergelyking met die Ou Testamentiese handskrifte veel meer verskille. Vir die Nuwe Testament het daar veel meer handskrifte behoue gebly en is daar meer as 5000 gedeeltes en enkele volledige handskrifte van die NT. Derhalwe is tekskritiek nodig om te bepaal watter van die oorgelewerde handskrifte bevat die mees betroubare teks. Beroemde vroeë kodekse is Sinaiticus, Vaticanus, Ephraemi en Bezae. Maar ten spyte van al die duisende handskrifte waarvan die meeste slegs fragmente of 'n paar hoofstukke van die NT bevat, blyk dit dat die verskil in oorlewing geensins enige geloofs- of belydeniswaarheid in gedrang gebring het nie. Ten slotte moet ons bely dat dit die Here self was wat sy Woord bewaar het teen ernstige verminking of verbastering.

### **ANTIEKE BIBLIOTEKE: NINEVEH EN ALEXANDRIË**

Soos reeds hierbo aangedui is die Bybel 'n versameling van 66 boeke, 'n biblioteek in die klein. Biblioteke is egter nie iets wat alleen tuishoort by die westerse beskawing nie. Een van die oudste biblioteke in die wêreld was die ontdekking van die privaat versameling van kleitablette van Koning Ashurbanipal in Nineveh, Assirië, 1115 v.C. Dit beslaan 1500 titels. Waaronder die beroemde Gilgamesh en Skeppingsverhaal. Reeds in daardie tyd was

dit moontlik om bepaalde versamelings kleitablette uit te neem, spesifiek vir bepaalde professies.

Die biblioteek van Alexandrië, Egipte is die mees beroemdste biblioteek van die antieke tyd. Die versameling is begin deur Ptolemeus I teen die einde van die 4de eeu v.C. en het bestaan tot en met diep in die derde eeu n.C., toe dit deur 'n plaaslike oproer vernietig is. Daar word beweer dat hierdie biblioteek meer as 'n half miljoen papyrus handskrifte bevat het. Mense van oor die hele wêreld het na hierdie biblioteek gekom. In baie opsigte was die biblioteek van Alexandrië 'n voorloper van ons eie biblioteke. Hierdie biblioteek was daarop ingestel om gesaghebbende tekste te versamel oor alle onderwerpe wat in daardie tyd bekend was. Die biblioteek was oop vir geleerdes, dit was 'n navorsingskool en het publikasies uitgegee. Die geleerdes daar het antieke tekste vergelyk, geanaliseer, vertaal en het kommentare daarvoor geskryf.

Omdat hierdie biblioteek 'n omvattende versameling wou bymekaar bring van alle belangrike geskiedkundige bronne, is die Jode ook versoek om 'n afskrif van hul heilige boeke aan die biblioteek te skenk. Die verhaal word vertel dat Joodse bewaerders, ses uit elke stam, derhalwe 72 geleerdes op die eiland Pharos bymekaar gekom het en in 72 dae die hele Hebreeuse Bybel in Grieks vertaal het en daarom word die Griekse vertaling die Septuagint of afgekort LXX (sewentig) genoem.

Ons kan aanvaar dat dit 'n legende is, maar dit kan wel aanvaar word dat die Septuagint in ongeveer 200 v.C. voltooi is. En die Griekse vertaling van die Joodse Bybel is orals in die Joodse sinagoges gelees, sodat Paulus daarby kon aansluit met sy prediking en het hy sy briewe geskryf in koine Grieks. Ondanks die Jode se eie teenkanting of nie, het die Here daarvoor gesorg dat die Jode 'n lig vir die nasies sou wees, vervul in Josua II, wat al sy vyande verslaan het en sal verslaan en dit is hierdie Redder wat sy volk in die nuwe Kanaän sal inbring op sy groot dag, die Joom Jaweh!! ✠

# VOLGENDE VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

K. Bijzet

## TEMA: DIE BOEK

### WEER 'n NUWE VERTALING

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het in 'n mediavystelling van 7 Julie 2004 bekendgemaak dat deur die Kerklike Advieskomitee aanbeveel is om 'n begin te maak met 'n volgende vertaling van die Bybel in Afrikaans. Hierdie Komitee is 'n amptelike liggaam wat die Bybelgenootskap van advies dien. Hoekom word 'n nuwe vertaling beplan terwyl wat ons ken as die Nuwe Afrikaanse Vertaling nog maar net een-en-twintig jaar oud is? Die media-vrystelling van die Bybelgenootskap sê hieroor:

*"Die Kerklike Komitee het verskeie redes aangevoer hoekom 'n volgende Bybelvertaling nodig is. Sedert die verskyning van die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans het die teorie van Bybelvertaling ontwikkel en nuwe aksente en moontlikhede na vore gebring. Dit blyk duidelik uit nuwe vertalings van die Bybel wat wêreldwyd gedoen is. Verder het die studie van die brontale van die Bybel ook nuwe insigte gebring wat vir Bybelvertaling van belang is. Sekere woorde en uitdrukkings in die Ou en Nuwe Testament word nou beter verstaan as dertig jaar gelede."*

Verskeie vereistes waaraan die beoogde vertaling moet voldoen, is deur die Kerklike Advieskomitee aan die Bybelgenootskap deurgegee:

- Die vertaling moet 'n getroue weergawe van die bronteks wees.
- Beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks moet so ver moontlik behoue bly.
- Die vertaling moet ook van hoë letterkundige gehalte wees en goed verstaanbaar vir die lidmate van alle kerke wat daarvan gebruik maak.

- So 'n vertaling moet op voorlesing in eredienste gerig wees, asook op gebruik in kategeese, vir Bybelstudie en in die persoonlike lewe.

Dr Eric Hermanson het, nadat na-vraag hierna gedoen is, nog kortliks uitgebrei op die mediavystelling. Hy skryf:

*"Soos ek die besluit verstaan, is dit die plan om 'n konkordante vertaling in hedendaagse Afrikaanse te maak. O.a. sal dit beteken dat die oorspronklike woorde waar moontlik met dieselfde Afrikaanse woorde vertaal sal word. Daar sal ook 'n ruim notastelsel wees om die lesers te help verstaan waar daar verskille is tussen die Bybelse taal en kultuur en dié van Afrikaans".* En verder: *"Die beoogde vertaling sal beslis as 'n 'formeel-ekwivalente vertaling' kwalifiseer".*



### DINAMIES- EN FORMEEL- EKWIVALENTE VERTALING

Binne die verband van die Vrye Gereformeerde Kerke is die 1933/53-vertaling nog altyd die amptelike vertaling. Dit word in ons eredienste en ander byeenkomste gebruik. Hoekom? Is ons te "konserwatief?"



Nee, maar daar is gewigtige besware teen die 1983-vertaling. Die hoofbeswaar is: dit is vertaal volgens die "dinamies-ekwivalente" metode. Wat beteken dit?

Ekwivalent beteken gelykwaardigheid en dinamies wil sê dit het krag en beweging. Daar moet iets oorgedra word van die een taal in 'n ander (gelykwaardig). Maar dit is nie net woorde en sinne wat oorgedra moet word nie. Dit gaan daarom dat die inhoud met krag en beweging (dinamies) oorgebring word. Die strewe is om deur die vertaling by die leser daarvan dieselfde reaksie te bewerk as wat die oorspronklike leser van die brontaal gehad het.

Daar is egter, so word gesê, groot verskille tussen die eerste lesers en die huidige. Verskille in lewenswyse, lewensuitsig en kultuur. Dit is egter reeds moeilik om dieselfde reaksies by verskillende lesers op te wek wat in dieselfde tyd lewe. Hoe kry jy dit dan reg as tyd en omstandighede totaal verskillend is! Dan moet jy 'n groot mate van vryheid toestaan, desnoods selfs veranderinge aanbring, mits dit nie die inhoud aantast nie.

Maar wie bepaal wat die regte inhoud is? Behalwe vertaling van die een taal in die ander, moet dan ook vroeë na betekenis gestel word (eksegese). Ja, daar is nog meer. Daar is ook buite-talige faktore wat "konteks" genoem word. Totaal verskillende gebruike en "kultuur".

Hoe het die eerste lesers of hoorers die teks ervaar en hoe ervaar ons dit? Vrae wat dikwels gevra word by die totaal van die eksegeese – by die hermeneutiek. Genoeg dinge om geheel verskillende vertalings te kry, terwyl tog beoog word om die oorspronklike teks so goed moontlik deur te gee.

Nou ja, in die 1983-vertaling is die dinamies-ekwivalente metode (gelukkig) nie konsekwent toegepas nie, maar dit kan tog wel op verskillende plekke opgemerk word. Daarom het ons kerkverband dit wys geag om hierdie vertaling nie as die amptelike vertaling te aanvaar nie.

Deputate vir Bybelvertaling (oorlede ds W. Boessenkool en ds J. Bosman) het op die sinode van 1998 wat in Pretoria gehou is, aanbeveel om aan die Bybelgenootskap 'n toespraak van ds Boessenkool waarin die besware teen die dinamies-ekwivalente metode beredeneer word, toe te stuur. Ook is aanbeveel om die Bybelgenootskap te vra om weer 'n nuwe vertaling te onderneem maar dan volgens die ekwivalent-formele metode. 'n Vertaling waarby nouer by die bronteks aangesluit word. Dus 'n terugkeer tot 'n beter taalkundige benadering. Die sinode het die aanbevelings aanvaar.

Die Bybelgenootskap het hierdie en soortgelyke versoeke nie geïgnoreer nie, maar het besluit om so 'n vertaling te laat verskyn. Hierdie besluit kan uiteraard ons hartlike instemming en ondersteuning geniet. Ons het self mos ook daarvoor gevra.

Die volgende vertaling sal dus, soos gesê, 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks

(die Hebreeuse of Griekse teks) wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behoue moet bly.

### **VERSTAANBAARHEID VAN DIE ONTVANGERTEKS**

Betekenis dit alles dat die beplande nuwe vertaling baie formeel en styf sal word? Nie noodwendig nie. Die mediaverklaring sê ook:

*“Die Afrikaanse taal ontwikkel ook deurentyd, wat 'n nuwe vertaling nodig maak. Bybelvertaling is 'n lang proses en kan minstens tien jaar duur. Die Bybel wat dan verskyn, moet vir die volgende dertig tot veertig jaar die Afrikaanssprekende gemeenskap bedien. “Die proses waarvolgens die Bybel vertaal word, het ook die afgelope dekades verander. So 'n span sal nie net teoloë insluit nie, maar ook nie-teoloë wat kenners van die brontale en die taal waarin vertaal word, is. Vertaalspanne word ook so saamgestel dat dit, waar moontlik, kundiges van alle kerke wat die Bybel in die betrokke taal gebruik, insluit.”*

Daar mag dus verwag word dat 'n goed leesbare vertaling tot stand kan en sal kom, wat ook letterkundige betekenis het. Dit is nie meer soos in die verlede toe vir baie mense die Bybel hul enigste leesstof was nie, maar ook tans kan die lees van die Bybel nog 'n groot invloed op die taalgebruik van baie mense uitoefen.

In die laaste jare het verskeie vertalings van die Bybel in Afrikaans verskyn wat in die “spreektaal” geskryf is. Die Advieskomitee van die Bybelgenootskap het egter bevind dat by baie gelowiges die behoefte bestaan aan 'n vertaling wat meer brontaal gerig is.

### **KERKLIKE ADVIESKOMITEE EN EIE INBRING**

Wie vorm die Kerklike Advieskomitee? Tans dien die volgende kerke op hierdie komitee: Nederduits Gereformeerde Kerk; Nederduits Hervormde Kerk van Afrika; Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; Verenigende Gereformeerde Kerke; Afrikaanse Protestantse Kerk; Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika; Volle Evangeliekerk; Pinkster Protestantse Kerk; Rooms-Katolieke Kerk; Anglikaanse Kerk; Metodiste Kerk.”

Dr Hermanson het toegevoeg: *“Ek is seker dat die komitee heeltemal bereid sal wees om insette en advies van deputate van ander kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, te ontvang, indien daar altans genoegsame kennis is om 'n bydrae te lewer”.*

Boonop is 'n uitnodiging gestuur vir die Vrye Gereformeerde Kerke om die vergadering van die Advieskomitee wat op 25 Oktober 2004 te Kempton Park gehou is, by te woon. Binne ons kerke is kennis van hierdie sake. Dit is m.i. 'n geleentheid om 'n bydrae te lewer. Een van ons broeders uit Gauteng sou gevra word om hierdie vergadering by te woon. Moontlik kan ons op beskeie wyse meewerk om 'n vertaling in goeie Afrikaans te kry wat naby die bronteks bly.

### **TEN SLOTTE**

Die Bybelgenootskap sorg nie net vir vertaling van die Bybel in Afrikaans nie. Alle Afrikatale wat in ons land gepraat word, moet versorg word. En boonop is daar baie werk om Bybels te versprei. Al hierdie werk verrig die Bybelgenootskap in getrouheid. Jy kry daar ook uitstekende diens. As dit moontlik is, moet ons meer aan al daardie werk dink. ☐



# CHRISTELIKE BOEKUITGEWERS EN BOEKWINKELS

## - Om te kies tussen kwantiteit en kwaliteit

Jeanne van der Kooy-Folmer

### TEMA: DIE BOEK

Dit is baie maklik om met 'n boekuitgewery of 'n boekwinkel te begin. Suid-Afrika is gelukkig dat daar tientalle van hulle is wat spesifiek vir Christelike lektuur sorg. Om 'n goeie (= Skriftuurlike) uitgewery of boekwinkel te wees is iets anders.

Daar is groot uitgewerye soos CUM en Lux Verbi en en kleineres soos die Calvyn-Jubileumboekefonds, Die Boekuitgewers (DBU) en dan is daar ook die heel kleintjies wat dikwels net 'n stokperdjie van iemand is of wat slegs enkele boeke uitgee en/of verkoop. Dan is daar ook die boekwinkels wat tot doel het om boeke met 'n gereformeerde karakter te verkoop, waarvan Folmer Boekhandel een is.

Soos enige besigheid, geld ook in hierdie bedryf dat die inkomste minstens gelyk moet breek met die uitgawes en dit is vir die Christelike uitgewer en boekhandel meestal nie maklik nie. Dit help as daar die een of ander filantroop, trust of kerklike fonds is wat help, of as daar êrens 'n byverdienste is wat die inkomste help aanvul. So het CUM (Christelike Uitgewersmaatskappy) 'n winkelketting, Cardies, wat help.

'n Probleem is dat die meeste Christelike uitgewers en boekwinkels nie baie kieskeurig is met wat hulle op die gebied van Christelike publikasies doen nie. Daar kan 'n baie groot vraagteken geplaas word bo die meeste publikasies wat Christelike uitgewers produseer en wat Christelike boekhandels verkoop, wat betref hul Skrifgetrouheid. Want algemeen-Christelike lesers word nie net al minder nie; hulle beperk hul leesstof tot horisontale melkkos, moralistiese, mensgerigte en populêre boekies. Ook hier is die maatstaf

dan of die produk gaan verkoop en so minstens sy koste dek.

Maar indien 'n uitgewery of winkel werklik kieskeurig wil wees, dus sy produkte beperk tot goeie, stewige Skriftuurlike kos, dan kan 'n mens maar seker wees dat daar min sprake van winsgewendheid sal wees.

### **WANT WAT MOET SO 'n ONDERNEMING DOEN?**

'n Uitgewery moet goeie skrywers bekom. En hulle is skaarser as hoendertande. Want selfs goeie teoloë en bekwame predikers is glad nie noodwendig goeie skrywers nie.

Wat is 'n goeie skrywer? Dit is iemand wat 'n deeglike en selfs unieke kennis oor 'n onderwerp het. Daardie persoon moet sy gedagtes maklik leesbaar en sistematies op papier kan sit. Sy taalgebruik moet goed wees. Ook moet hy/sy in staat wees om sy/haar lesers te verstaan sodat die leser presies sal verstaan wat die skrywer na vore bring.


Dit is ook die uitgewery se taak om die manuskrip te keur en na goed-



keuring te versorg. Laasgenoemde beteken nie net om die teks te set, 'n omslag te ontwerp en die geheel by 'n drukkerij te kry nie. Nee, dit beteken veel meer. Die teks moet versorg – geredigeer – word. Dikwels beteken dit om die manuskrip leesbaar(-der) te maak, taalkundig te versorg, te sorg vir illustrasies, en ook te kyk na uitleg en lettertipes.

Hier is drie tipiese voorbeelde:

- ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys) is tans besig om op redelike groot skaal gereformeerde skoolhandboeke saam te stel. Iemand, meestal 'n onderwyser, stel 'n manuskrip taamlik rofweg saam. Hierdie manuskrip word aan 'n aantal skole/onderwysers gestuur. Deur skriftelike en telefoniese besprekings word kommentaar ontvang en verwerk. Of 'n manuskrip word aan spesifieke deskundiges gestuur. Nadat dit alles verwerk is, word dit getik en word die uitleg, kompleet met illustrasies, versorg. Dan begin die volgende rondte van afwerking: proeflees, korreksies, proeflees en korreksies. Die byna finale produk word weer beoordeel.
- Tweede voorbeeld: Een van die doelstellings van DBU is om 'n nuwe Afrikaanse Bybelverklaring op die mark te bring. Soos by ARSO se boeke is dit ook 'n tydsame proses. Inhoudbeoordeling, redigeer, proeflees, ens. Al hierdie werk moet in 'vrye tyd' gedoen word – moet ons oorgaan tot die aanstel van 'n voltydse persoon? Wie gaan hom/haar insit om die bemarking te doen? Hoe gaan DBU dit finansier?



- Derde voorbeeld: Reeds 'n aantal jare is 'n kommissie van vier persone besig om die kindervertelboek, 'Bybel in Vertelling en Beeld' van Mej. Ingwersen, te redigeer. Die groot werk van vertaling is gedoen, maar nou moet gekyk word of die Afrikaanse vertaling die Nederlandse teks goed en duidelik verklank en daar moet geskaaf word aan die taal.

Al die werk word met liefde en entoesiasme gedoen, maar geduld is die wagwoord.

As die boeke gefinaliseer en by die uitgewer afgelewer is, kom die volgende punt. Die boeke moet verkoop word. Mens sou kon sê dat die algemene stelreël is dat hoe meer Skriftuurlik 'n boek is, hoe minder hy verkoop. Dus in sy algemeenheid kan gestel word dat organisasies soos DBU en ARSO geen winste op hul produkte kan verwag nie.

DBU het alreeds 'n aantal preekbundels die lig laat sien, asook 'n boek oor wat die Bybel ons vertel oor sterwe en dood. Die verkope is nie wonderlik nie, maar en dit is die belangrikste, die boeke kom op plekke wat jy nie sou verwag nie.

Die meeste Christelike uitgewers beperk hulle produksie tot die populêre boekies. Dit maak die lewe vir mense wat op soek is na deeglike, gereformeerde pitkos nie makliker nie. Hulle moet krities selekteer en nadat hulle 'n boek gekoop het, natuurlik ook nog krities lees. Die boeke wat hulle uitsoek, sal by voorkeur van 'n betroubare uitgewer kom wat poog om vir Skriftuurlike leesstof te sorg. En hulle sal liefs by 'n boekwinkel koop waar die handelaar kennis van sake het en dus goeie advies kan lewer.

DBU, ARSO en Folmer Boekhandel doen hul bes om te sorg vir opbouende en Bybelse boeke. Hul mark is baie klein. Vir hulle is dit 'n groot uitdaging om hierdie mark

uit te bou sodat meer mense pitkos wil hê. In Suid-Afrika, soos in baie lande in die wêreld, word al minder gelees. Wat gelees word, is al swakker. Waar "Die Huisgenoot" vroeër "die volk se universiteit" was, wil 'n Christelike gesin vandag dié tydskrif nie meer in die huis hê nie.

Tevrede wees met 'n klein mark mag nie die uitgangspunt wees nie. Die uitdaging is en bly om die mark te vergroot. Want, en dit is die saak waar dit om gaan, die Naam van die Here moet grootgemaak word – sy Evangelie moet bekendgemaak word. Mense moet daarop gewys word dat die Here kennis van sy Woord verlang, omdat dit die middel is waardeur Hy werk.

Die uitgewer en boekhandel se taak is die eerste plek is om in die behoeftes van gelowige lesers te voorsien. Maar daarby om nie hul evangeliserende taak te vergeet nie.

As lesers enige idees hieroor het, sal ek graag daarvan hoor. ☐



## FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927

### Besondere Geskenke!

- Prof B Spoelstra: Gereformeerde kerkreg en kerkregering - R285
- Prof L Floor: My tye is in U hand (preke) - R60
- Ds G Meijer: Twaalf maal geseënd (preke) - R49
- Ds P Venter: As daar lig is, is daar vrug (preke) - R33
- Ds H Momberg: En as ek sterwe - R39
- Ds W ten Haaf: Gewaarborgde oorwinning (Bybelstudie Daniël) - R80
- Ds R Visser: Lewe sonder God sinloos (Bybelstudie Prediker) - R39
- Dr C van der Waal: Sola Scriptura (Ou Testament) Drie dele - R39 elk
- Dr J Visser: Die Kerkorde in praktyk Herdruk in voorbereiding (kan reeds bestel word)

- Totius: Versamelde werke - R700
- Pelsers, P J: Evolusie en die Bybel - R89
- Psalmboeke: Totius-beryming - R97
- Bybel (drie vertalings: 1933/53, 1983 en NIV) - R1150
- ARSO - Gereformeerde skoolboeke - lys beskikbaar.


Alle pryse sluit BTW in. Posgeld R2 per boek.

CD's ook verkrygbaar  
(Martin Mans, Dub de Vries, Aafje Heynis, Urker Mannenkoor, ens.)

#### Ander takke van Folmer Boekhandel:

Tolle Lege (Pretoria)  
(Adri Buenk)  
14e Laan 961  
Wonderboom-Suid  
0084  
Tel 012 – 331 3750

Folmer Boekhandel (Kaapstad)  
(Petro Drijfhout)  
Bondstraat 7  
Oakdale, Bellville  
7530  
Tel 021 – 948 5883



# TOLLE LEGE (Neem en lees)

JA & GF Boon

## TEMA: DIE BOEK

“Watter skatte van genade sal geskryf word op die blade wat die nageslag sal lees”

(Ps. 102:8 - berym)

### DIE WONDER VAN SKRIF EN LEES

Gedurende die tydperk waarin hierdie psalm geskryf is, was groot getalle van die verbondsvolk, en selfs hulle nageslag, nie in staat om self te lees en te skryf nie. Tog skryf die digter van hierdie psalm: **lees**. Waarom? Omdat lees eintlik ‘n kwessie van **hoor** is. Die wet en die psalms is mondeling oorgedra en ook later op skrif gestel. Of jy dit dus hoor of self kon lees, dit kom op dieselfde neer.

Wat sê Paulus in Rom. 10:17?

“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God. Dit het God behaag om Hom deur die geskrewe woord aan ons te openbaar vanaf die heel begin.” Ons moet dus luister wanneer gelees word en/of self lees. Oog en oor moet beide ingespan word, ons lewe lank, om God se woorde ons eie te maak.

Ons leef vandag in ‘n wêreld waar daar ontsaglik veel is om te lees. As ons nou nadink oor wat lees nou eintlik is, dan is dit soos hierbo gesê is in beginsel niks anders as om te luister nie. Om in te neem en te verwerk wat ‘n ander persoon aan jou sê. Wanneer ‘n boek of tydskrif gelees word stel ‘n mens jouself bloot aan die boodskap wat ‘n skrywer deur middel van taaltekens (letters, simbole, woorde, ens.) op ‘n medium, die boek of tydskrif of elektroniese media aan jou wil sê. Die geskrewe en gedrukte of gedigitiseerde woord oorbrug tyd en ruimte. Daarom is

dit moontlik om die boodskappe wat lank gelede in bv. Switserland geskryf is, nou nog te lees. Daar is nie een van ons wat Calvyn al ooit gesien het nie, ooit in Genève was nie, maar tog weet ons wie Calvyn was en wat hy gesê het. ‘n Pragtige tegniek dié van die skryfkuns en later ook die boekdrukkuns wat die verspreiding van die Evangelie tot diens was en wat die mens wêreldwyd gebruik om te kommunikeer.

### NODIG OM TE LEES ?

Waarom is dit nodig om te lees, om na mense uit die verlede en na baie ander mense te luister? Kan ons nie daarsonder nie, veral nou dat daar ander maniere is waarop ons die boodskappe kan ontvang, bv. televisie, films, die internet?

God het ons as sy kinders in hierdie wêreld geplaas om in ‘n verbondsverhouding met Hom te lewe. Dit is ons positiewe roeping. Hy die Skepper en Verlosser van hierdie wêreld roep my om as onderkoning hier besig te wees. Sy skepping moet ontgin en bewaar word, sy heilsplanne moet verkondig word. Ons moet elke dag tintel om vir Hom te werk en te lewe, al is daar baie gebrokenheid en



swaarkry as gevolg van die sonde. Maar wie word nie aangevuur deur sy wonderlike beloftes en die skoonheid van sy ewige toekomsplanne vir sy kinders nie? Sy Woord en Wet is daagliks ons gids.

In ons talryke bedrywighede as verbondskinders kan ons nie anders as om te steun op goeie boeke (op papier of elektronies) nie. Ons kry daardeur inligting vir werk en ontspanning, ons kommunikeer met die verlede en die hede. Ons dink hier bv. aan die roman as genre wat inligting, voorligting en ontspanning kombineer.

### WAT LEES ONS?

Die breë riglyn is: dit moet sinvol, nuttig en diensbaar wees aan ons opdrag as verbondskinders. Dit moet ons geloofsontplooiing bevorder. Ook hier geld die woorde van Psalm 1 in eie woorde: gelukkig is die man, vrou en kind wat nie besig is met die dinge (onder andere woorde, boeke, films, ens.) van die goddelose en die spotters van God en sy gebod nie, maar ‘n behae het in die wet van die Here en dit



altyd oordink (dag en nag staan daar in Psalm 1)!

Hoe moet ek nou my weg vind in hierdie tyd wat “na-Christelik” en “post-modern” genoem word? Is dit nie benouend en verwarrend nie? Word die gelowiges nie totaal uitgesluit deur die meeste outeurs van ons tyd nie?

Laat ons dit duidelik beseef dat daar nie so iets soos ‘n “na-Christelike tyd” bestaan nie. Nie vir die kinders van God nie! Want Hy bepaal die verloop van die geskiedenis en die kerk van Christus is die spil waar om die wêreldgeskiedenis draai. Laat ons egter nie vergeet nie dat die afval oor al die eeue enorm groot was, tot vandag toe. Ons sien dit elke dag. Dit beteken nou nie dat ons sku hoef te wees en onself in ‘n hoekie terug te trek teenoor die bese wêreld nie. Ons hoef nie alles met agterdog te bejeën nie. Nee, ons is as Christene vry teenoor die hele wêreld. Nie ‘n vryheid waarin ons aan onself oorgelaat is nie, en ons dus ons eie paadjie kan kies nie, maar ‘n vryheid tot diens aan Hom. Christelike vryheid is nie dat die Here my toelaat om alles te mag doen nie. Nee, dit is dat ek buiten Hom niks meer kan doen nie!

Met geestelike oë en ‘n geestelike gemoed ( Gal. 5:16-18) mag ons oopstaan vir die wye wêreld met sy natuurskoon, mense, musiek en literatuur. Die Gees is my Leidsman, deur Hom sal ek kan onderskei wat Geestelik is (bv. goeie boeke en ander literatuur) en wat vleeslik is. Kry jy hierdie onderskeidingsvermoë vanself? Nee, daar moet voor gewerk word. Die Heilige Gees sterk ons voortdurend deur prediking, Bybelstudie, gesprekke in die gesin en op vereniging of andersins. Dit beteken nou nie dat ek maar regs en links kan begin lees nie. Deur die Woord weet ek



ook waar my eerste liefde moet lê: by die Bybel en die kerk. En daarom sal ek mos graag lees daarvoor, wat daar geskryf is oor die tye waarin die kerk onder swaar vervolging was, of wanneer daar reformasie was. Dis glad nie ‘n skande om “ou” boeke te lees nie. Soms is daardie boeke in ‘n tyd geskrywe toe die gereformeerde lewe ‘n bloeityd beleef het en daarom des te ryker aan inhoud is. ‘n Bonus dus vir jou geloofsverdieping. Dis soms ook verrassend om ‘n goeie boek later in jou lewe weer ‘n slag te lees.

### **SOMMER ENKELE VOORBEELDE**

Daar is boeke wat ‘n mens se gedagtes in lyn met die lees van die Bybel vorm, wat jou slyp om Christelik te lewe. Shakespeare se boeke slyp en vorm ook geweldig, maar nie met die oog op die Christelike lewe nie. So is daar baie ander klassieke boeke wat oor die jare rigtinggewend was in die mensheid se denke, maar nie met ‘n wedergebore hart geskryf is nie. Mag ek sulke boeke lees? Ja, maar beseef dat as jy jonk is jou gelowige

ouers jou beslis daarin moet begelei. Dit is baie goed as ‘n mens in jou jong lewe goeie boeke lees wat in lyn met die Bybel ‘n basis in jou denke kan vorm. Wat romans aanbetref is daar heelwat sulke boeke in Nederlands en Engels. Ongelukkig nie soveel in Afrikaans en die ander tale in ons land nie. Maar hulle is daar. Veral van die ouer Afrikaanse skrywers soos Venter, Postma, d’Assonville, meer reservert Maartens het in hulle romans positief-Christelike rigting probeer gee. In Nederlands, wat ons hoop ons Afrikaanssprekendes nog probeer lees (is dit nie ‘n rykdom om meer as twee tale te beheers nie!) is daar outeurs soos Westering, Rudolf van Reest, Lambregtse en Risseeuw.

Dan is daar ook baie boeke wat bv. uit Frans en ander tale in Nederlands en Afrikaans vertaal is wat vormend is en wat ‘n beeld gee van die tydgeses waarin dit geskryf is.

Wat van al die mooi natuurboeke wat in Afrikaans en Engels geskryf is en wat nie die eer vir die skepping aan die evolusie nie, maar aan God gee. Ook in die tegniek is daar wonderlike boeke bv. van Ad Vlot en Ari van den Beukel.

### **SLOT**

Die wêreld is vol letters en prentjies in huise, biblioteke en die internet. Dis net te veel vir ons. Vir sommige mense is dit beter om enkele goeie boeke en tydskrifte te lees as om jou te laat oorspoel met alles wat beskikbaar is. Mense wat graag baie lees: wees op julle hoede en laat Bybelse norme jou die beoordelingsvermoë gee om goed van kwaad te onderskei. Kenners sê: mense wat wys is, lees. Die Bybel sê: mense wat van God se liefde, genade, skepping, ens. lees is WYS! ❧

# LEES VERBODE: SENSUUR OP BOEKE

D Drijfhout

## SAMELEWING

Op 6 Desember 1520 verbrand Luther in die openbaar 'n aantal boeke wat deur die Roomse kerk goedgekeur was om te lees. Op vroeë hoekom hy dit gedoen het, antwoord hy in 'n traktaat wat twee weke later gepubliseer word. Met 'n bietjie spot skryf hy eerstens dat dit sedert die oudheid gewoonte is om verderflike en slegte boeke te verbrand. 'n Mens kan hier dink aan die reaksie op Paulus se prediking, toe die towenaars hulle boeke ter waarde van vyftigduisend silwerstukke bymekaargebring en voor almal verbrand het (Hand. 19:19). Tweedens, sê Luther, was dit sy plig om vals, verleidelike en onchristelike leerstellings te vernietig, of ten minste te weerspreek. In die derde plek, sê hy, het die Roomse kerk dan opdrag gegee om sy boeke verbrand, en voeg hy by, soos Simson sê in Rigters 15: Soos hulle aan my gedoen het, so het ek aan hulle gedoen.

Hierdie voorval, wat 'n mens ietwat laat glimlag, bring ons by die realiteit van sensuur op boeke.

Boeksensuur is inderdaad al so oud soos die skryfkuns self. In die Bybel vind ons nog ander voorbeelde. So is daar die boekrol van Jeremia wat koning Jojakim in die vuurpan laat verbrand het terwyl dit aan hom voorgelees is (Jer. 36:23). Selfs die HERE het beperkings geplaas op byvoorbeeld die profesieë van Daniël: Hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe (Dan. 12:4). Die bekendste voorbeeld is sekerlik die geskiedenis in Openbaring 5 wanneer die Lam aangewys word as die enigste wat waardig is om die boek met die sewe seëls oop te maak en te lees of daarin te kyk (Openb. 4:4,5).

Vir lank het die skryfkuns 'n godsdienstige konnotasie gehad.

Gedurende die middeleeue was die meeste boeke in kloosters en met die hand geskrywe en het die kerklike outoriteite beheer gehad oor die boekproduksie. Met die uitvinding van die boekdrukkuns het die prentjie egter totaal verander. Boeke word nou in groot getalle oor allerhande onderwerpe deur 'n verskeidenheid skrywers op verskillende plekke gedruk. Die kerk het nog vir lank probeer om die verspreiding van boeke te reguleer. In 1491 word in Venesië 'n pouslike edik uitgevaardig wat die druk van boeke oor kerklike sake sonder toestemming van die biskop, verbied.

As gevolg van die Hervorming het daar baie protes(tant)literatuur ontstaan. Die Roomse kerk het toe as maatreeël 'n Index Librorum Prohibitorum opgestel wat *de boucken* van skrywers soos Martin Luther van Duitsland, Wycliff van Engeland, Hus van Bohemia, Zwingli van Switserland en Marsilius van Padua verban het. Dit was verbied om boeke van genoemde skrywers te besit of te lees. Verbode boeke is opgespoor en in alle groot stede het die boek-

brandstapels gerook. Maar soos in 'n verslag aan Rome genoem word, was daar duisende boeke van die 'vervloekte kêrels' gedruk. Toe die vernietiging van boeke nie help nie is selfs die drukkers die doodsvonnis opgelê. Om tog daarmee aan te gaan het die drukkers vals name, adresse en datums in hulle publikasies gebruik. Ander het gevlug of het in die geheim gewerk. Die Bybel wat Jacob van Liesvelt in 1542 in Antwerpen gedruk het, was die oorsaak daarvan dat die doodstraf aan hom voltrek is.

Die woord sensuur is afgelei van *sensor*. In die Romeinse tyd was daar magistrate wat rekord (*sensus*) moes hou van die bevolking en hulle eiendom. Hulle is *sensors* genoem. Die eerste *sensors* is in 443 v.C. aangestel. Met verloop van tyd het hulle magte toegeneem sodat hulle toesig gehou het oor finansies, die versorging van die tempels en om wanpraktyke te verbied wat skadelik geag was vir die staat. Later het hulle ook as boekkeurders opgetree. In die kerklike lewe ken ons die term sensuur wanneer dit gaan oor die kerklike vermaning van lidmate of ampsdraers. Op die kerkraadsvergaderings vind ook *censura morum* plaas volgens artikel 81





van die Kerkorde. Die doel daarvan is om onderlinge toesig en Christelike teregwyding van ampsdraers uit te oefen.

In ons land se onlangse geskiedenis was die verbod op die besit van bepaalde boeke 'n werklikheid. Publikasies is op morele of politiese gronde as ongewens verklaar. Sodanige boeke is dan ook op 'n lys van ongewenste of verbannede boeke geplaas. Aanhalings uit sodanige publikasies was verbode en besit van sodanige boeke was strafbaar. Vandag word hierdie optrede afgemaak as die invloed van Afrikaner-Calvinistiese Christelike dogmas.

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die uitoefening van hierdie verbod grotendeels gefunksioneer het op die politieke terrein. Dit het nou saamgehang met die verbod op politieke organisasies. In tye van oorlog en politieke spanning gebeur dit dat beperkings op publikasies opgelê word. So het die Duitsers byvoorbeeld in die Tweede Wêreldoorlog 'n skryfverbod aan die teoloog Prof Schilder opgelê, omdat hy die nasionaal-sosialisme openlik verwerp het. Tydens die Duitse besetting het mense in Nederland die doodstraf gekry as hulle 'illegale' publikasies gedruk of versprei het. Sodanige politieke publikasie-inperkings is 'n vorm van onderdrukking. Soortgelyke vorme van onderdrukking het ook in die Oosblok-lande voorgekom.

'n Mens dink aan die verbod op die verspreiding van Bybels.

Dit bring ons by die vraag hoe ons as Christene moet staan teenoor sensuur. Ons lewe in die nuwe Suid-Afrika. Ons tyd word gekenmerk deur 'n gees van openheid en deursigtigheid. Daar is feitlik geen beperkings op toegang tot inligting nie. Tog is vryheid van spraak (en skryf en lees) nie absoluut nie. Mnr Mandela het in 'n toespraak in 1990 gesê: 'Alhoewel ons gebonde is tot die vryheid van assosiasie, spraak, saamkom, ens. beseft ons dat geen sodanige vryheid absoluut is nie. Sodanige vryheid bestaan binne die raamwerk van die konstitusie'.

Dit is die doel van die konstitusie om die lede van die gemeenskap te beskerm. Dit geld nie net fisiese

beskerming, soos om rook te verbied nie, maar ook beskerming teen die negatiewe geestelike uitwerking van byvoorbeeld onsedelike publikasies. Die konstitusie is natuurlik 'n volksdokument. Ons lewe in 'n demokratiese land. Dit is feitlik onmoontlik vir die regering om wetgewing daar te stel wat teen die wil van die volk is. Ongelukkig lewe ons in 'n bedeling waar Christelike waardes sterk gedevalueer het.

Ons sal dus eerstens by onself as Christene moet begin. Ons sal as Christene, met 'n Gereformeerde belydenis, duidelik moet onderskei wat ons lees. Ons sal self goeie leesgewoontes moet aankweek. Maar ook bereid moet wees om ekstra moeite in te sit! Ook as 'n bepaalde boek nie in Afrikaans beskikbaar nie! Sensuur moet eerstens by die Christelike huis begin. Dit geld vir die boeke, tydskrifte en koerante wat in ons huise gelees word.

Verantwoordelik lees is 'n Goddelike (kultuur)opdrag.

*Bron: Mnr Mandela soos aangehaal in Book Publishing in South Africa for the 1990s. Proceedings of a Symposium held at the South African Library, Cape Town, 22-23 November 1990. Cape Town: South African Library, 1991. p. 36. x*

# Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

**bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers**

**Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:**

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskouwlike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding


**In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.**

**Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos [rvdkooy@mailbox.co.za](mailto:rvdkooy@mailbox.co.za)**

# SENDING IN DIE 'NUWE SUID-AFRIKA'

Jan en Juliët de Mooij

## ONDERHOUD



**Ds. Tjeerd de Boer (ons sendeling gedurende die jare 1983 tot 1991) het in Julie 2004 vir 'n periode van drie maande na Suid-Afrika teruggekeer om te werk onder ons gemeentes in Soshanguve. Ons het met hom gesels kort voor sy terugkeer na sy gemeente in Amersfoort, Nederland.**

### **WAT WAS DIE REDE VIR U TERUGKEER NA SUID-AFRIKA?**

Na die vertrek van dr. A.J. de Visser was dit noodsaaklik dat iemand die begeleiding onder die sendinggemeentes in Soshanguve waarneem, totdat daar 'n plaasvervanger gevind kan word vir hierdie werk. Daarom het die Sendingskommissie (van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata) my genader om die eerste gedeelte van hierdie 'oorbruggingsperiode' waar te neem. Die kerkraad van my gemeente in Amersfoort het my hiervoor verlof gegee.

### **WAS DIT VIR U MAKLIK OM (NA 13 JAAR) WEER AAN TE PAS IN SUID-AFRIKA?**

Dit was 'n voorreg om weer hier te mag werk, en ek is geweldig bemoedig deur die werk van die Here in

Soshanguve! Maar dit was nie altyd maklik nie en ek het my vrou en gesin baie gemis. Ek het in liggaam en gees die waarheid van 1 Korintiërs 7:32,33 ervaar. Die taal het ek gou weer onder die knie gehad en dit was vir my werklik 'n plesier om met die sendingspan in Soshanguve saam te werk.

### **KAN U ONS MEER VERTEL OOR DIE WERK WAT U IN SOSHANGUVE GEDOEN HET?**

Die werksverdeling het ek by my aankoms met die Soshanguve sendingspan afgespreek. Eerstens het ek natuurlik die studente begelei in hulle prediking. Verder het ek deelgeneem aan die kerklike lewe: die bediening van die Woord, die doop en nagmaal, begrafnisse en die aanbied van klasse. Ook mog ek 'n groot aantal huisbesoeke saam met die studente doen. En tenslotte het ek 'n aantal seminare aangebied: vir die studente, maar ook vir die 'vaders' en vir diegene wat aan die Sondagskool onderrig gee.

### **HOE IS DIE SITUASIE IN SOSHANGUVE NOUDAT DS. DE VISSER VERTREK HET?**

Die studente het my beindruk met hulle toewyding aan die Here en in die verskillende gewes wat hulle van die Heilige Gees ontvang het: by die een word duidelik hoe hy die gewes het om pastorale werk te doen, by die ander sy kennis van die Skrif en weer by 'n ander die manier waarop hy die evangelie kan verduidelik en gelowiges kan bemoedig.

Wat my van die begin af opgeval het, is dat daar duidelike ooreenkomste is in die mooi manier waarop die studente die evangelie bring, in die manier van Skrifuitleg en die gereformeerde uitgangspunte. Later het ek my tuisgemaak in die dokumente wat Ds. de Visser vir my agtergelaat het en besef dat hy 'n onuitwisbare merk in Soshanguve agtergelaat het: die styl wat ek in die dokumente gelees het, was die styl wat ek in die studente opgemerk het. Sy vertrek het ook geen mismoedigheid of wanhoop by die gemeentes en studente gelaat nie, hulle is baie jammer dat ds. de Visser en sy vrou vertrek het, maar is nie verslae nie. Hierdie feit mag ons ook sien as die verdienste van ds. de Visser, dat hy hulle so na *regte selfstandigheid* gelei het.

Die toewyding van die studente aan die diens van die Here se Woord word des te meer duidelik as mens van naby sien hoe hard hulle werk. Behalwe dat hulle van Dinsdag tot Donderdag by Mukhanyo Theological

Collegie klasse loop, is daar uiteraard die res van die week die studie en voorbereiding vir Mukhanyo, voorberei en aanbied van katekisasieklasse en voorberei van preke. Daar is verder huisbesoeke, Bybelstudies en vergaderings. Die vervoer gebeur natuurlik alles met taxi's, wat duur is en die moontlikhede beperk. Boonop is daar nog natuurlik hul gesinne waaraan aandag gegee moet word en moet mens in gedagte hou dat hulle van 'n baie beperkte studente-toelaag afhanklik is. Ek het baie bewondering vir wat hulle, deur die genade van die Here, bereid is om op te offer en harde werk wat hulle lewer.

### **HET DIE SENDINGSITUASIE VOLGENS U VERANDER SINDS 1991?**

Dinge het beslis verander, hoewel 'n deel van die gemeente nog met dieselfde dinge worstel as vroeër: die ouer lidmate het nog tot 'n mate te doen met die invloed van die voorvadergodsdienste, soos wat tydens my sendingsperiode vir bykans almal die geval was. Maar die ander lidmate is daardie stadium verby – hulle het deesdae dieselfde vrae as gelowiges in Pretoria of Kaapstad (of Amersfoort): *'ek gaan Sondag kerk toe en bid elke dag tot die Here en lees die Bybel – maar wat beteken dit prakties vir my huwelik, my seksuele lewe, my gesin, my ontspanning en my geld?'* Dis 'n soort dualisme wat alle gelowiges konfronteer wanneer die wêreld met sy welvaart en aantreklikheid op ons afkom. *Besef jy dat jy elke oomblik voor die Here se aangesig leef?*

Daar is weinig verskil tussen die geloofsbeleving van ons blanke en swart broeders en susters, tog het hierdie feit nie werklik veroorsaak dat hulle nader aan mekaar beweeg het nie. Gedeeltelik is die oorsaak van hierdie afstand (van albei kante) die kultuur- en taalverskille en ook die geografiese afstand. Mynsiens kan ons baie kreatiewe maniere vind om



*Doopsbediening in Soshanguve*

hierdie afstand te oorbrug en mekaar as broeders en susters 'n hand en 'n voet te wees. Wat verhoed ons byvoorbeeld om een of twee keer per jaar 'n gesamentlike erediens te reël, met dalk 'n gesamentlike ete daarna? Dit sal geleenthede skep om mekaar beter te leer ken en die afstand te oorbrug.

iets wat nie verander het sedert 1991 nie, is die gevaar dat ons as sendelinge en sendingskommissie oor en vir ons swart broeders en susters bly besluit, in plaas van *saam met hulle*. Dit is 'n slagगत waarin ek, tot my spyt, moet erken dat ek self vroeër getrap het. Ons moet leer om na hierdie broeders en susters te kyk as volwaardige en volwasse gelowiges, wat ook gawes van die Heilige Gees ontvang het om besluite te maak en ook in alles wil vra 'wat wil die Here van ons hê in hierdie situasie?' Dit geld vir hulle persoonlike lewe maar ook vir die maak van strategiese planne en begrotings in die sending en praktiese sake soos die bou van kerke, pastorie, ens.

### **WATTER UITDAGINGS IS DAAR VIR DIE SENDING IN DIE KOMENDE JARE?**

Eerstens is daar die bogenoemde uitdaging, dat ons ons swart broeders en susters as volwaardige, volwasse gelowiges beskou (en daarom vanuit die staanspoor aan hulle 'n volledige inspraak in die besluitneming rond die sending en kerkverband gee).

Verder is dit 'n uitdaging vir al die kerke om 'n goeie kommunikasie en kerklike samewerking te onderhou. In die geval van die gemeentes van Soshanguve en Mamelodi het hierdie kommunikasie verwater en sou hulle mekaar baie beter moes bystaan. Byvoorbeeld in die gesamentlike besinning oor die hantering van begrafnisse, gesange en gemengde verhoudings (uit verskillende kerke) en die opstel van lesmateriaal vir katekisasie, is dit ondenkbaar dat hierdie twee gemeentes mekaar nie sou bystaan en gereeld ontmoet nie.

Daar is ontsettend baie om voor dankbaar te wees - die Here het ons in die afgelope jare ryklik geseën en die evangelie in Soshanguve laat uitbrei, ondanks die tekortkominge van mense. Dit moet ons egter nie tevrede agteroor laat sit nie, maar eerder bly oproep om die sendingsgebied uit te brei en só nog meer mense die Evangelie te laat hoor. Daarvoor is nodig dat ons soms krities na onself kyk en dat ons bereid is om veranderinge te ondergaan omdat dit die Kerk van die Christus dien. Volgende jaar kom daar, as die Here wil, nuwe moontlikhede met ds. Jerry Mahlangu en ds. Pieter Boon as sendelinge. Ek is dankbaar dat ek vir 'n kort rukkie by dié proses betrokke mog wees! ✠